Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## 2021

Stanmorephysics

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

Downloaded from Stanmorephysics.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**MATRIEK! WAT NOU?**

*Jou lewe as volwassene is 'n stel trappe en matriek is die eerste trap! Matriek is die tydperk waarin jy groei en planne vir jou toekoms maak. So sê Elma Postma, bekende Afrikaanse aktrise*.

1 Matriek! Wat nou? Dit is 'n vraag wat jongmense dikwels laat kopkrap, want hierdie besluit het 'n invloed op alles wat daarna in 'n mens se lewe gebeur.

2 'n Skoolverlater moet eerstens besluit of hy/sy ná matriek gaan werk of verder studeer. Daar is baie multimiljoenêrs wat geen verdere opleiding ná matriek het nie. Party van hulle hét nie eens matriek nie. Is dit dan regtig nodig om verder te studeer? Alle kenners in hierdie artikel stem saam: " 'n Matriek-sertifikaat en verdere opleiding is nodig."

3 Professor Robert Lawrence van die Harvard Universiteit was in Suid-Afrika en het lesings oor robotte in die werksplek kom aanbied. Volgens hom sal robotte in die toekoms eenvoudige take by onopgeleide of swak opgeleide mense oorneem. Daar sal egter altyd werk vir opgeleide mense wees. Paul Maritz stem saam met prof. Lawrence. Hy sê 27% van Suid-Afrikaners is werkloos. Die meeste van hierdie werkloses is onopgelei. 'n Mens moet dus verder studeer. Dan is jy in 'n beter posisie om wel werk te kry. As jy dalk vroeg die skool verlaat het, moet jy probeer om jou matrieksertifikaat te kry. As jy direk na matriek gaan werk, moet jy probeer om na-uurs te studeer.

4 Professor Amanda Lourens van die Noordwes Universiteit meen 'n mens moet goed nadink oor verdere studie ná matriek. Die ideaal is om na afloop van jou studies die beroep te beoefen waarvoor jy studeer het. Sy het navorsing gedoen oor studente wat nie hulle kursusse suksesvol voltooi nie. Sy het bevind dat net 'n derde van Suid-Afrikaanse studente wat vir 'n driejaar-kursus inskryf, hulle graad binne daardie 3 jaar voltooi. Voor die einde van hulle eerste jaar val 24% van studente reeds uit.

5 Prof. Lourens gee drie redes waarom studente uitval. Sy sê baie jongmense sukkel om na matriek by die universiteitslewe aan te pas. Tweedens besluit baie nuwe studente te vinnig watter beroep hulle wil volg. Daarom weet hulle nie wat die studierigting wat hulle gekies het, werklik inhou nie. Wanneer hulle dan later sien hulle het verkeerd gekies, los hulle hulle studies en verlaat die universiteit. Derdens val baie studente uit omdat hulle nie geld het om hulle studies te voltooi nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com

6 Jongmense het dus hulp nodig om die regte loopbaan te kies, veral omdat die moontlikhede legio is. Die ATKV bied byvoorbeeld *Postmatriek* aan. Tydens hierdie program leer jongmense verskillende beroepe ken, hulle leer sekere vaardighede en hulle maak vriende wat hulle lewenslank hou.

7 Iemand wat so 'n program gevolg het, is Lara Blignaut. Sy het in 2010 gematrikuleer en nie geweet wat sy ná skool wou doen nie. Sy erken sy was te besig op skool en kon daarom nie aandag aan beroepskeuses gee nie. Sy het toe 'n postmatriekprogram aan die *Equilibrium School of Life* op Potchefstroom voltooi. Sy sê dit het haar geleer om selfstandig te wees, om haar tyd en haar geld reg te bestuur en om moeilike interpersoonlike situasies reg te hanteer. En die belangrikste is dat dit haar laat besef het watter beroep sy regtig wou volg nadat sy afstudeer het. Sy wou skoolhou, met Wiskunde en Wetenskap as haar hoofvakke.

8 'n Brugjaar is ook 'n goeie idee vir jongmense wat onseker oor hulle toekomsplanne is. Kentse Radebe, ervare sosioloog, beklemtoon dat so 'n brugjaar eerstens 'n duidelike doel moet hê, byvoorbeeld om geld vir verdere studies te verdien. Tweedens moet daar beplan word hoe daardie doel bereik gaan word. In die derde plek moet jongmense tydens hulle brugjaar lewensvaardighede aanleer. Hulle moet byvoorbeeld leer om verantwoordelik te wees, deur soggens betyds op te staan vir werk. Hulle moet ook leer om op hulle eie bene te staan.

9 Cindy Glass, direkteur en mede-stigter van die *Step Up Education Centres*, het die volgende wenke vir skoolverlaters:

- Onthou dat matriek nie die einde van jou akademiese reis is nie.
- Druk deur. As jy nie by 'n universiteit aanvaar word nie, kan jy altyd korrespondensie- of aanlynkursusse volg.
- Moet geen kans laat verbygaan om ondervinding op te doen nie.

[Verwerk uit *Maroela Media* en *Vrouekeur*, 31 Mei 2017]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Na watter Afrikaanse aktrise word daar in die subopskrif verwys? (1)

1.2 *"Jou lewe as volwassene is 'n stel trappe en matriek is die eerste trap!"*

1.2.1 Lei uit kenners soos Paul Maritz se woorde af wat die tweede trap is. (Reël 16–17) (1)

1.2.2 Lei uit prof. Amanda Lourens se opinie af wat die derde trap is. (Reël 21–22) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 "Dit is 'n vraag wat jongmense dikwels **laat kopkrap**." (Paragraaf 1)

1.3.1 Word "kopkrap" hier LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur te verduidelik wat "kopkrap" beteken. (1)

1.4 Hoe gaan werksplekke, soos ons dit ken, volgens prof. Lawrence in die toekoms verander? (1)

1.5 Prof. Lawrence dink nie dit is nodig om ná matriek verder te studeer nie.

Haal 'n sin uit paragraaf 3 aan om hierdie stelling ONWAAR te maak. (1)

1.6 Sê in jou eie woorde hoekom Paul Maritz mense aanmoedig om verder te studeer. (1)

1.7 Watter raad gee Paul vir jongmense wat besluit om direk na skool te gaan werk? (1)

1.8 "Voor die einde van hulle eerste jaar val 24% van studente reeds uit." (Paragraaf 4)

Waarom kan ons sê dat hierdie stelling 'n FEIT is en nie 'n MENING nie? (1)

1.9 Lees paragraaf 5.

1.9.1 Noem TWEE redes wat prof. Amanda Lourens gee waarom studente nie hulle kursusse suksesvol voltooi nie. (2)

1.9.2 Hoe, dink jy, kan universiteite seker maak dat minder studente om hierdie twee redes in hulle eerste jaar uitval? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit paragraaf 6 kan ons aflei dat daar (min/baie) beroepe is om van te kies. (1)

1.11 Hoe ondersteun die ATKV jongmense om sinvol oor hulle toekoms te besluit? (1)

1.12 Waarom het Lara Blignaut nie ná matriek geweet wat sy wou doen nie? (1)

1.13 Hoe het die *Equilibrium School of Life* Lara met die volgende gehelp?

1.13.1 Beroepskeuse (1)

1.13.2 Sosiale verhoudinge (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.14 Hou paragraaf 8 in gedagte.

Wanneer sal 'n brugjaar 'n mislukking wees? Gee 'n voorbeeld en motiveer jou antwoord. (2)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.15) en die letter (A–D) neer. Hou die hele teks in gedagte.

Wat is die kerngedagte van hierdie teks?

A 'n Brugjaar is net 'n mors van tyd en geld vir skoolverlaters.
B Skoolverlaters moet vinnig oor hulle loopbaan na matriek besluit.
C Skoolverlaters moenie met net 'n matrieksertifikaat tevrede wees nie.
D Alle skoolverlaters weet teen die einde van matriek presies wat hulle na skool wil doen. (1)

1.16 Sê in jou eie woorde watter boodskap die volgende dele in die teks vir jou as skoolverlater het.

1.16.1 Die eerste sin van die subopskrif (1)

1.16.2 Die samevatting van Cindy se wenke in die slotparagraaf (1)


1.17 Wat kan matrikulante se ouers uit hierdie artikel leer? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VLOERPLAN**

Bestudeer die vloerplan hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: VLOERPLAN VAN DIE PROTEA WINKELSENTRUM**




[Verwerk uit google images]

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die roltrap by Edgars se deur gaan (op/af). (1)

1.19 Waaruit kan ons aflei dat hierdie winkelsentrum gestremde mense in ag neem? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.20 Anita is by UITGANG 5 en Helen is by UITGANG 2. Wie is die naaste aan die openbare badkamers? (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die antwoord (A–D) neer.

Daar is duidelike tekens wat wys waar die nooduitgange en die brandblussers is. Dit sê vir ons dat die Protea Winkelsentrum ...

A probleme met tieners het wat stout is.
B seker maak dat hulle klante veilig is.
C 'n baie moderne winkelkompleks is.
D onnodig geld spandeer. (1)

1.22 Waarom kan ons sê dat die **?** en die **i** in die teken hieronder by mekaar pas?




(2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Jy het na 'n praatjie oor aardverwarming geluister. Som nou vir jou vriend die maniere om aardverwarming te keer, op.

### INSTRUKSIES

1. Skryf die SEWE maniere om aardverwarming te keer, puntsgewys neer.
2. Nommer die feite van 1 tot 7.
3. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
4. Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**DIS ONS ALMAL SE PLIG OM AARDVERWARMING TE KEER**

Aardverwarming is 'n werklikheid. Ons moet almal probeer om dit te keer en hier leer ons jou hoe om dit te doen.

Dis gemaklik om per motor te kom en gaan waar jy wil. Maar as jy wil help met aardverwarming, moet jy uitlaatgasse verminder. Fietsry of stap is die antwoord. Daar is geen huis waar daar nie afval is wat weer gebruik kan word nie. Ons noem dit herwinning en dit help aardverwarming voorkom. Kos en ander benodigdhede word dikwels in plastiek toegedraai en in mooi houers verpak om 'n mens te manipuleer om dit te koop. Moenie daardie produkte koop nie!

Suid-Afrika is 'n droë land omdat ons reënval laag is. Daarom is dit elke individu se plig om water te bespaar. Dit help ook om aardverwarming te beveg. Bome gee suurstof en neem koolstofdioksied op. Plant daarom soveel moontlik bome.

Ons het beurtkrag omdat ons min elektrisiteit het. Bespaar energie en help die aarde deur elektriese toerusting se proppe uit die muurproppe te trek as dit nie gebruik word nie. Is jy oortuig dat aardverwarming 'n gevaar is? Dan moet jy jou kennis daarvan aan ander mense oordra. So doen jy jou deel om aardverwarming te keer!

[Verwerk uit *Wikipedia*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE


- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS D



Tel.: 022 998 877

(3.1) **Piketberg Dorpsmuseum**
**hou 'n**
**leersame uitstalling**
**van ou artikels.**










**Alles op jou slimfoon!**

Wat het mense in die verlede gebruik waarvoor jy deesdae jou slimfoon inspan?


Besoek ons gerus en sien self. Party van die artikels is (3.2) (oud).


(3.3) Jy is altyd te oud om iets te leer.

Dit is die (3.4) (goed) ervaring ooit!




Die museum is elke weeksdag oop: 09:00–16:00







Adres:
Op die hoek van
(3.5) Hoog- en
Boomstraat

Toegang is gratis.

[Verwerk uit piketbergmuseum.co.za en clipart]

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.1 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Piketberg Dorpsmuseum hou 'n leersame uitstalling van ou artikels. (1)

3.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Party van die artikels is (oud). (1)

3.3 Skryf die sin in die ONTKENNING deur die onderstreepte woord te verander.

Jy is <u>altyd</u> te oud om iets te leer. (1)

3.4 Gee die KORREKTE VORM vir die woord tussen hakies.

Dit is die (goed) ervaring ooit! (1)

3.5 Watter WOORD staan in die plek van die koppelteken in Hoog**-** en Boomstraat? (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) neer.

Watter TEGNIEK gebruik die adverteerder om die leser se aandag te trek?

Die adverteerder ...

A sluit verskillende prentjies in.
B gebruik verskillende leestekens.
C onderstreep belangrike inligting.
D gebruik net beskrywende woorde. (1)

3.7 Wat kan 'n mens met 'n slimfoon doen wat jy nie met één van die ou artikels in die advertensie kan doen nie? Kies jou antwoord uit die blokkie hieronder. Lei jou antwoord nét uit die inligting in die advertensie af. (1)

| | | |
|---|---|---|
| tyd aandui; | rigting bepaal; | boodskappe stuur; |
| selfies neem; | wiskunde doen | |

3.8 Is dit effektief dat die fokus van die advertensie in die vorm van 'n slimfoon geplaas is? Motiveer jou antwoord. (1)

3.9 Wat is die verband tussen die slimfoon en die prentjies in die advertensie? (2)
**[10]**


Downloaded from Stanmorephysics.com

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

**Let wel: Hammie** is 'n seun en **Zoë** is 'n meisie.



[Verwerk uit *Beeld*, 22 en 23 Oktober 2019]

4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As Pa in RAAMPIE 1 sê dat Hammie nie na Ma geluister het nie, bedoel Pa dat Hammie (onvriendelik/ongehoorsaam) was. (1)

4.2 "O, dit is goeie nuus!" (RAAMPIE 3)

4.2.1 Wat lei jy uit Zoë se woorde af en hoe ondersteun haar lyftaal haar gevoel? (2)

4.2.2 Vervang "goeie" met 'n woord wat Zoë se emosie beter uitdruk. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.3 Skryf Hammie se woorde in RAAMPIE 4 in die INDIREKTE REDE. Gebruik "dat" in jou antwoord.

Hammie sê: "Dis nie regverdig om my te hok nie." (1)

4.4 Lees Ma se woorde in RAAMPIE 4. Gee die korrekte AFRIKAANSE woord vir "gebreek". (1)

4.5 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

Zoë se gedrag is stereotipies van sussies in 'n gesin. (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

Uit hierdie strokiesprent kan 'n mens aflei dat ...

A Zoë en Hammie goeie maats is.
B die ma die streng ouer in die huis is.
C die kinders net kan doen wat hulle wil.
D die pa glad nie omgee wat die kinders doen nie. (1)

4.7 Lees Zoë se woorde in RAAMPIE 6.

4.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As Zoë met haar ma praat, (is sy sarkasties/prys sy haar ma). (1)

4.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.7.1 (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**DIE IMBALI *VISUAL LITERACY* PROJEK**

(5.1.1) (Die Imbali-kunsprojek begin in 1988.) Dit was eers (5.1.2) (deel) van die Vroue vir Vrede-projek, maar het later 'n projek op sy eie geword.

Imbali het verskillende (5.1.3) (doelwit). Een hiervan is (5.1.4) (jongmense en vroue leer). So wil hulle (5.1.5) (dus/dis) mense se talente ontwikkel. Hulle fokus veral (5.1.6) (...) minderbevoorregte mense.

Imbali het kursusse wat mense leer om klere, handsakke, (5.1.7) (ensovoorts) te maak. (5.1.8) (Mense is opgelei.) (Hulle kan produkte maak wat hulle kan verkoop). So wil Imbali mense help om (5.1.9) (...) eie geld te verdien.

Imbali help met die (5.1.10) (oplei) van onderwysers wat vir skoolkinders Kuns en Kultuur moet leer. Hulle het ook mense wat handboeke skryf en (5.1.11) (plakkate) maak.

Imbali het voltydse en deeltydse kursusse, asook kort kursusse en spesiale (5.1.12) (vaardigheid+programme). In een so 'n program het studente geleer hoe om lepels in (5.1.13) (ringe, oorringe en halsnoere) te omskep.

Jy moet hard werk as jy suksesvol wil wees. Dít leer Imbali vir jou.

[Verwerk uit www.imbali.org.za]

5.1.1 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Die Imbali-kunsprojek begin in 1988. (1)

5.1.2 Gebruik die HOMONIEM van "deel" in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Dit was eers "deel" van die Vroue vir Vrede-projek, maar het later 'n projek op sy eie geword. (1)

5.1.3 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Imbali het verskillende (doelwit). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1.4 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Een hiervan is (jongmense en vroue leer). (1)

5.1.5 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

So wil hulle (dus/dis) mense se talente ontwikkel. (1)

5.1.6 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hulle fokus veral ... minderbevoorregte mense. (1)

5.1.7 Skryf die AFKORTING van die woord tussen hakies.

Imbali het kursusse wat mense leer om klere, handsakke, (ensovoorts) te maak. (1)

5.1.8 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. Begin met die voegwoord.

Mense is opgelei. Hulle kan produkte maak wat hulle kan verkoop. (Sodra) (2)

5.1.9 Vul die korrekte ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

So wil Imbali mense help om ... eie geld te verdien. (1)

5.1.10 Gee die afgeleide SELFSTANDIGE NAAMWOORD vir die werkwoord tussen hakies.

Imbali help met die (oplei) van onderwysers wat Kuns en Kultuur as vak gee. (1)

5.1.11 Verdeel die woord tussen hakies volledig in LETTERGREPE.

Hulle het ook mense wat handboeke skryf en (plakkate) maak. (1)

5.1.12 Gee 'n SAMESTELLING vir die woorde tussen hakies.

Imbali het voltydse en deeltydse kursusse, asook kort kursusse en spesiale (vaardigheid+programme). (1)

5.1.13 Gee die VERSAMELNAAM vir die woorde tussen hakies.

In een so 'n program het studente geleer hoe om lepels in (ringe, oorringe en halssnoere) te omskep. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: sarugbymag.co.za]

5.2.1 Kies die korrekte SPELLING tussen hakies.

Nie al die lede van die (Springbok span/Springbokspan) is op hierdie foto nie. (1)

5.2.2 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Party spelers is (lank) as ander spelers. (1)

5.2.3 Vul die ONTBREKENDE SOORTNAAM in die onderstaande sin in.

Die kaptein hou die ... in die lug. (1)

5.2.4 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

As 'n span goed wil speel, moet die spelers mekaar (getrou/vertrou). (1)

5.2.5 Gee die korrekte DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Gelukkig was daar geen (beseer) spelers nie. (1)

5.2.6 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Die speler op die voorgrond is 'n klein (man) met 'n groot hart. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**NASIENRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**
**TEKS A: MATRIEK! WAT NOU?**
[Verwerk uit *Maroela Media en Vrouekeur,* 31 Mei 2017]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Elma Postma | 1 |
| 1.2.1 | Neem die besluit om **verder te studeer**.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2.2 | Beoefen die beroep wat jy gekies/waarvoor jy studeer het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3.1 | Figuurlik *(Die antwoord op 1.3.1 moet korrek wees om punt by 1.3.2 te verdien).* | 1 |
| 1.3.2 | Dit beteken dat die vraag jongmense ...<br>• (ernstig) laat nadink.<br>• laat dink/wonder.<br>• onseker laat voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | • Robotte gaan meebring dat **onopgeleide/swak opgeleide** mense hul **werk verloor**.<br>• Daar sal net opgeleide mense en robotte in die werksplek wees.<br>• Onopgeleide/swak opgeleide mense sal geen plek in die arbeidsmark hê nie.<br>• Robotte sal eenvoudige take by onopgeleide of swak opgeleide mense oorneem.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die kern is dat onopgeleide of swak opgeleide werkers die gevaar loop om hul werk te verloor.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | • "Daar sal egter altyd werk vir opgeleide mense wees."<br>• "Volgens hom sal robotte in die toekoms eenvoudige take by **onopgeleide of swak opgeleide mense oorneem.**"<br>*(Enige EEN. Kandidate word nie gepenaliseer as dit nie tussen aanhalingstekens geskryf is nie.)* | 1 |
| | | |
| 1.6 | Opgeleide mense kry makliker werk/is minder werkloos.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.7 | Hulle moet **na-uurs** studeer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.8 | Die stelling is op **navorsing** gebaseer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde wat met navorsing verband hou)* | 1 |
| | | |
| 1.9.1 | • Die **aanpassing** van skool na universiteit is te groot.<br>• Baie nuwe studente **besluit oorhaastig** watter beroep hulle wil volg/ kies die verkeerde studierigting.<br>• Hulle het **nie geld** om hulle studies te voltooi nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.9.2 | Universiteite kan ...<br>• kursusse aanbied om nuwe studente te help/beter voor te berei om die aanpassing van skool na universiteit te hanteer.<br>• nuwe studente met beroepskeuses/loopbaankeuses help.<br>• studente finansieel ondersteun/beurse of lenings vir studente aanbied/studente wat presteer, help om borge te bekom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord hier moet by enige EEN van die twee redes by Vraag 1.9.1 pas)* | 1 |
| | | |
| 1.10 | baie | 1 |
| | | |
| 1.11 | Die ATKV ...<br>• bied postmatriek(programme) aan.<br>• stel jongmense aan verskillende beroepe bloot.<br>• leer vir jongmense sekere vaardighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.12 | Sy was te besig (met ander dinge) (op skool) om te dink aan wat sy na matriek wou doen.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.13.1 | • Hulle het haar aan baie beroepe bekendgestel.<br>• Hulle het haar laat besef watter beroep sy wou volg/dat sy wou skoolhou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.13.2 | Dit het haar geleer om moeilike interpersoonlike verhoudings reg te hanteer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14 | • **Voorbeeld**: 'n Brugjaar sal 'n mislukking wees as jy nie vooraf weet wat jy met daardie brugjaar wil bereik nie/nie 'n doel met die brugjaar het nie.✓<br>**Motivering**: Sonder 'n doel mors jy jou tyd en geld/kan jy nie beplan of werk om jou doel te bereik nie.✓<br>• **Voorbeeld**: 'n Brugjaar sal 'n mislukking wees as jy nie beplan/stap-vir-stap uiteensit hoe jy jou doel met die brugjaar gaan bereik nie.✓<br>**Motivering**: Sonder beplanning, mors jy jou tyd en geld/as jy nalaat om te beplan, beplan jy eintlik die mislukking van jou doel. ✓<br>• **Voorbeeld**: 'n Brugjaar sal 'n mislukking wees as jy niks uit die brugjaar leer nie/geen ondervinding opdoen nie/dit net een lang vakansie is.✓<br>**Motivering**: Sonder om iets uit die brugjaar te leer, doen jy die brugjaar basies tevergeefs/mors jy jou tyd en geld OF jy gaan nie leer om verantwoordelik te wees nie.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. By die motivering moet die mislukking omskryf word, te wete, geld gemors/tyd gemors. Een punt word toegeken vir die voorbeeld en een punt vir die motivering.)* | 2 |
| | | |
| 1.15 | C/Skoolverlaters moenie tevrede wees met net 'n matrieksertifikaat nie. | 1 |
| | | |
| 1.16.1 | Matriek is 'n belangrike jaar in enige leerder se lewe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Let wel: Kandidaat moenie bloot dit wat in die sin staan, oorskryf nie; die boodskap moet afgelei word.)* | 1 |
| | | |
| 1.16.2 | • Ek moenie na matriek ophou studeer/ondervinding opdoen nie.<br>• Daar is baie kanse om na matriek ondervinding op te doen.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Let wel: Kandidaat moenie bloot dit wat in die sin staan, oorskryf nie; die boodskap moet afgelei word.)* | 1 |
| | | |
| 1.17 | Ouers kan leer dat ...<br>• verdere studie belangrik is. (Paragraaf 2/3)<br>• hulle nie hul kinders moet druk om oorhaastige besluite te neem nie. (Paragraaf 4/5)<br>• hulle kinders nie die enigste is wat dalk in hulle eerste jaar sal uitval nie. (Paragraaf 4)<br>• daar verskeie redes is waarom studente in hulle eerste jaar uitval. (Paragraaf 5)<br>• hulle finansiële voorsorg vir hulle kinders moet tref. (Paragraaf 5)<br>• daar verskillende opsies vir hulle kinders na matriek is. (Paragraaf 6)<br>• hulle hul kinders kan aanmoedig/moet toelaat om programme soos postmatriek te volg. (Paragraaf 6)<br>• 'n brugjaar wel waarde kan hê. (Paragraaf 8)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde wat met die teks verband hou.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**TEKS B: VLOERPLAN VAN DIE PROTEA WINKELSENTRUM**
[Verwerk uit google images]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.18 | op | 1 |
| | | |
| 1.19 | • Daar is 'n teken/simbool/bordjie van 'n persoon in 'n rolstoel.<br>• Die teken van die persoon in 'n rolstoel wys dit.<br>• Die prentjie by nommer 4.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat moet na die rolstoelprentjie verwys.)* | 1 |
| | | |
| 1.20 | Anita | 1 |
| | | |
| 1.21 | B/seker maak dat hulle klante veilig is. | 1 |
| | | |
| 1.22 | Die **?** wys dat jy iets wil weet/uitvind/wonder oor iets.✓<br>Die **i** dui die plek/toonbank aan waar jy die inligting/antwoorde (waarna jy soek) kan kry.✓<br>• **?** jy wil 'n vraag vra.<br>**i** jy kry informasie/inligting oor jou vraag<br>• **?** vir jou vraag en die **i** die antwoord of die inligting wat by hierdie toonbank verskaf word.<br>• Jy sal jou antwoorde op jou vrae by die inligtingsentrum kry (as leerders nie die tekens in hul antwoord gebruik nie).<br>• Jy gaan soontoe as jy wil weet waar sekere winkels of dienste is. Jy kry inligting/antwoorde op jou vrae.<br>• As mense vrae het/inligting nodig het/iets wil weet, kan hulle na daardie plek toe gaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die verwantskap moet duidelik wees; 2 of 0 punte)* | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2**

**TEKS C: DIS ONS ALMAL SE PLIG OM AARDVERWARMING TE KEER**
[Verwerk uit Wikipedia]

**Let wel:** Kandidate moet sewe maniere om AARDVERWARMING te keer, opsom.

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| Maar as jy wil help met aardverwarming, moet jy **uitlaatgasse verminder**. Fietsry of stap is die antwoord. | 1 | Verminder uitlaatgasse./Ry eerder fiets./Stap eerder (in plaas daarvan om jou motor te gebruik)./Maak minder van jou motor gebruik./Ry minder met jou motor./Moenie onnodig jou motor gebruik nie. |
| Daar is geen huis waar daar nie **afval** is wat weer gebruik kan word nie. Ons noem dit **herwinning**. | 2 | Herwin afval./Gebruik afval weer. |
| Kos en ander benodigdhede word dikwels **in plastiek toegedraai en in mooi houers verpak** om 'n mens te manipuleer om dit te koop. **Moenie** daardie produkte **koop** nie! | 3 | Vermy produkte wat in plastiek/mooi houers verpak is. |
| Daarom is dit elke individu se plig om **water te bespaar**. Dit help ook om aardverwarming te beveg. | 4 | Bespaar water. |
| Bome gee suurstof en neem koolstofdioksied op. **Plant** daarom soveel moontlik **bome**. | 5 | Plant baie bome. |
| **Bespaar energie** en help die aarde deur elektriese toerusting se proppe uit die muurproppe te trek as dit nie gebruik word nie. | 6 | Jy moet energie bespaar./Trek elektriese toerusting se proppe uit die muurproppe as jy dit nie gebruik nie. |
| Dan moet jy **jou kennis** daarvan **aan ander mense oordra**. | 7 | Vertel vir ander mense wat jy van aardverwarming weet. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAAL**

**NASIENRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word, indien woordstrukture getoets word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit piketbergmuseum.co.za en clipart]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • 'n Leersame uitstalling van ou artikels **word deur** Piketberg Dorpsmuseum **gehou.**<br>• 'n Leersame uitstalling van ou artikels word gehou deur Piketberg Dorpsmuseum. | 1 |
| 3.2 | • stokoud<br>• horingoud<br>• stokhoringoud<br>*(Enige EEN. Dit moet een woord wees. Aanvaar as oud met 'n -t geskryf is.)* | 1 |
| 3.3 | Jy is **nooit** te oud om iets te leer **nie**. | 1 |
| 3.4 | beste<br>*(Spelling moet korrek wees.)* | 1 |
| 3.5 | straat/Hoogstraat | 1 |
| 3.6 | A/sluit verskillende prentjies in. | 1 |
| 3.7 | selfies neem | 1 |
| 3.8 | Ja.<br>• Die selfoon trek die meeste mense se aandag.<br>• Die meeste mense stel belang in dinge wat met selfone te doen het.<br>• Dit prikkel mense se belangstelling (bv. wat het 'n moderne slimfoon met die museum te doen?)<br>• Dit wys die ontwikkeling in tegnologie.<br>• Dit lyk asof die inligting outomaties op die skerm opkom wat 'n mens se aandag trek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>**OF** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| | Nee.<br>• Die slimfoon mislei 'n mens.<br>• Die advertensie handel eintlik oor die museum se uitstalling en nie oor selfone nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.9 | • Die prentjies wys vir ons die verskillende artikels wat mense **in die verlede** nodig gehad het om te kan doen wat ons **vandag** met net een slimfoon kan doen.<br>• In die **verlede** het ons individuele toestelle gebruik; **vandag** kan die slimfoon die werk van al die ander prentjies/toestelle slimmer doen.<br>• Die prentjies van die **ou goed**, dui al die funksies wat **vandag** op 'n slimfoon beskikbaar is, aan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde vir 2 punte. Sou die kandidaat net sê dat alles in die prentjies op die selfoon gekry word/gedoen kan word, tel dit net 1 punt. )* | 2 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *Beeld*, 22 en 23 Oktober 2019]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | ongehoorsaam | 1 |
| | | |
| 4.2.1 | Uit Zoë se woorde kan ek aflei dat sy bly/opgewonde/tevrede/gelukkig is (dat Hammie gehok is.) ✓<br><br>• Zoë se hande is in die lug.<br>• Daar is 'n groot glimlag op haar gesig/Sy lag.<br>• Sy hardloop/spring. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde wat Zoë se gevoel ondersteun. Die eerste deel van die antwoord moet korrek wees, voor die tweede deel 'n punt kan kry.)* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| | | |
| 4.2.2 | • fantastiese<br>• wonderlike<br>• uitstekende<br>• opwindende<br>• briljante<br>• bakgat<br>• kwaai<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Spelling tel nie.)* | 1 |
| | | |
| 4.3 | Hammie sê **dat dit** nie regverdig **is** om **hom** te hok nie. | 1 |
| | | |
| 4.4 | • oortree<br>• verontagsaam/geïgnoreer<br>*(Enige EEN. Spelling tel nie)* | 1 |
| | | |
| 4.5 | • Sussies terg/tart graag hulle boeties.<br>• Sussies dra nuus aan oor hulle boeties.<br>• Sussies gebruik die kans om boeties in die moeilikheid te laat beland.<br>• Sussies kry lekker as hulle boeties in die moeilikheid is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.6 | B/die ma die streng ouer in die huis is. | 1 |
| | | |
| 4.7.1 | is sy sarkasties<br>*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by Vraag 4.7.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.7.2 | • Sarkasme is wanneer jy een ding sê, terwyl jy eintlik iets anders bedoel/die teenoorgestelde sê van wat jy eintlik bedoel.<br>• Zoë bedoel nie wat sy sê nie.<br>• Zoë bedoel eintlik dat haar ma nie altyd goed/reg optree nie/dat haar ma soms verkeerd optree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: DIE IMBALI *VISUAL LITERACY* PROJEK**
[Verwerk uit www.imbali.org.za]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | • Die Imbali-kunsprojek **het** in 1988 **begin**.<br>• Die Imbali-kunsprojek **het begin** in 1988.<br>• In 1988 **het** die Imbali-kunsprojek **begin**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.2 | • Ek **deel** die lekkers tussen die kinders.<br>• Ek **deel** die getal deur twee.<br>• Ons **deel** in die wins.<br>• Ek **deel** in jou vreugde.<br>• Ons **deel** 'n kamer.<br>*(Enige aanvaarbare sin waar die betekenis van "deel" duidelik is. Enige sin waarin "deel" as 'n werkwoord gebruik is."Uitdeel" word nie hier aanvaar nie.)* | 1 |
| 5.1.3 | doelwit**te**<br>*(Spelling moet korrek wees.)* | 1 |
| 5.1.4 | Een hiervan is **om** jongmense en vroue **te** leer. | 1 |
| 5.1.5 | dus | 1 |
| 5.1.6 | op | 1 |
| 5.1.7 | ens.<br>*(Aanvaar nie as dit met 'n hoofletter geskryf word nie. Daar moet 'n punt aan die einde van die afkorting wees.)* | 1 |
| 5.1.8 | • **Sodra** mense **opgelei is, kan hulle** produkte maak wat hulle kan verkoop.<br>• **Sodra** mense produkte **kan maak** wat hulle kan verkoop, **is** hulle **opgelei**.<br>*(Die **leesteken** op die regte plek tel 1 punt en die **korrekte woordorde** tel 1 punt.)* | 2 |
| 5.1.9 | • hulle<br>• hul<br>*(Enige EEN. Spelling tel nie.)* | 1 |
| 5.1.10 | oplei**ding**<br>*(Aanvaar oorskryffoute, bv oplyding)* | 1 |
| 5.1.11 | • plak + ka + te<br>• plak/ka/te<br>*(Die kandidaat kan die lettergrepe op enige duidelike wyse aandui.)* | 1 |
| 5.1.12 | vaardigheid**s**programme<br>*(Die verbindings -s moet op die regte plek wees.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 5.1.13 | • juweliersware<br>• juwele<br>*(Enige EEN)*<br>***(****Aanvaar foutiewe spelling, maar nie Engels nie.)* | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT**
[Bron: sarugbymag.co.za]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Springbokspan<br>***(****Die fokus is op die woord as een woord).* | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | lan**g**er<br>***(****Spelling moet korrek wees.)* | 1 |
| | | |
| 5.2.3 | • beker<br>• trofee<br>• (Webb Ellis)-trofee<br>• Wêreldbeker<br><br>*(Enige EEN, maar nie net Webb Ellis nie. "Koppie" of "kop" word glad nie aanvaar nie. Aanvaar foutiewe spelling van trofee, solank dit op -ee eindig)* | 1 |
| | | |
| 5.2.4 | vertrou<br>*(Spelling tel nie.)* | 1 |
| | | |
| 5.2.5 | beseer**de** | 1 |
| | | |
| 5.2.6 | man**netjie**<br>***(****Spelling moet korrek wees.)* | 1 |
| | | **[20]** |

| |
|---|
| **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 80** |